Centurion

Centurion, 'n oop woonbuurt suid van Pretoria, het eers Lyttleton geheet en toe Groter Lyttleton, voordat dit in 1967 herdoop is na Verwoerdburg – na die Eerste Minister wat die jaar tevore in die Parlement vermoor is. Daarna het dit Verwoerdburgstad geword, maar die naam was nie polities korrek nie, en uiteindelik is dit in Oktober 1995 tot Centurion herdoop.
Die laaste verandering is interessant, want die dorp is na die krieketveld Centurion-park genoem. Die stadion is deur die munisipaliteit van Verwoerdburg gebou, wat 'n naam vir die terrein wou hê. Vanweë die klomp militêre basisse in die gebied, is besluit op Centurion, 'n rang in die Romeinse leër. Die stad se wapen weerspieël self's militêre simbolliek – bugmagvleuels langs 'n oop boek, wat dui op die soeke na die mag van kennis.

Hoërskool Centurion

STIGTINGSDATUM: 1958
LEUSE: STEEDS HOËR
ADRES: SELBORNELAAN, LYTTLETON, CENTURION
WWW.HSCENTURION.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Die skool het soortgelyke veranderinge ondergaan. Dis in 1958 as Hoërskool Lyttleton gestig en in 1975 vernoem na Verwoerdburg. Vandag heet dit Hoërskool Centurion. Dis 'n buurtskool. Die naam Verwoerdburg het behoue gebly in die skool se bynaam "Woeries". Dis 'n gemengde Afrikaans-medium skool met sowat 1 300 leerlinge.

Woeries Rugby

In 1971 en 1975 het die skool die Noord-Transvaalse Administrateursbeker gebuit. Daai jare is sewe Woeries vir die Noord-Transvaalse Cravenweekspan gekies. In 1975 het Barry Schoeman SA Skole gehaal. Provinsiale spelers was Pierre du Toit (Luiperds), Werner Kiedson (Griekwas), Corrie Scheepers (Poemas) en Gerhard van der Merwe (Blou Bulle se Sewesspan). Op nasionale vlak het Louis Moolman en Johan Roux vir die Springbokke gespeel.



"Daar was tot onlangs nie veel rugbytradisies by die skool nie. Goed soos foto's van voormalige spanne en kapteins op die mure het nie bestaan nie. Maar ons het dit begin regstel. 'n Rugbykamer is gebou waar Centurion se rugbymemorabilia en Johan Roux se kit wat hy vir ons geskenk het, uitgestel word. Ons was slegs daartoe in staat deur borge. Die idee is om 'n rugbykultuur te skep"

— Leon Jelliman
(breier vanaf 2007, 25 jaar se breierservaring)

Albei het provinsiaal vir Noord-Transvaal uitgedraf, hoewel Roux later na Transvaal geskuif het. Niel du Plessis het in 2000 vir Noord-Wes en SA o.21 gespeel. Meer onlangs was 2005 en 2006 goeie jare; die eerste span het die Stadstrofee gewen. Nou beywer Centurion hom vir 'n plek in die Super-16, waar hy hom wil aansluit in die geledere van sterk skole soos Nelspruit, Ermelo en Monument. Die skool se belangrikste derbies is teen Zwartkop en Eldoraigne, albei ook in Centurion. Sedert 1990 word die rugbyseisoen afgesluit met 'n dinee wat deur die 1ste span spelers, hul ouers en die breiers bygewoon word. Uitstaande spelers en bekende persoonlikhede tree as gassprekers op. Die Woeries sal hul vyftigste bestaansjaar in 2008 vier, en sien met nog groter verwagtinge na die toekoms uit. Die ervare Joe Cloete is hoof van die sportkantoor en volgens hom moet elke leerlinge na gelang van sy eie potensiaal ontwikkel. Leon Jelliman het hom van 2007 heeltyds as breier by die skool aangesluit. Voorheen was hy jare lank by Unisa waar 25 jaar se ervaring as breier opgedoen het. Centurion is die rugbyskool van die toekoms. Met 'n uitstekende grondslag, geesdriftige breiers, onlangse sukses op die veld en talentvolle junior spanne wat op pad boontoe is, kan die skool binnekort vir hom 'n plek onder die groot rugbyskole oopspeel.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Louis Moolman
Johan Roux